

Donderdag 11 April

Skrifgedeelte: Psalm 45 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 45:7, 8

Jesus Christus is tot Koning gesalf – en die kerk is sy bruid

Psalm 45, die hele Psalm, is 'n koningslied, dié Koningslied. In die mees liriese terme word die Koning hier geloof. Maar meer nog, dit is nie net 'n lied van die Koning nie, maar ook sy bruid word besing (vs 10 ev).

Wie is hierdie koning van Psalm 45? Wie word in vers 7 en 8 aangespreek? By al die verklarings oor wie dit in die eerste plek gaan, gee Hebreërs 1:8, 9 finaal uitslag daarvoor: Hierdie Psalm is uiteindelik net in Jesus Christus ten volle vervul. In hierdie verse hoor ons Psalm 45:7, 8 wanneer die Here van sy Seun sê: *“U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer; U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle ...”*

Vir “die Gesalfde”, die Christus se bruid, vir sy kerk, kan daar geen groter troos wees nie as dat sy troon tot in alle ewigheid is. In die Ou Testament is die sterkste uitdrukking van heerskappy en gesag om te sit op die goddelike troon. Psalm 45 word 'n kragtige profesie wat Jesus Christus vervul het, vir ons, sy bruid. Ons wat onder die indruk is van ons eie gebrokenheid, ons eie sonde – maar wat juis daarom onder die indruk moet wees van die Here se genade – ons is die bruid van Christus.

As kerk is ons onder sy bruid (vgl. Op. 21:2). Sonder sy Koningskap – oor die wêreld en oor die kerk – sou vir ons alles tevergeefs gewees het. Ons Koning het as Lam vir sy bruid (Op. 21:9), vir ons en ons sondes, sy lewe gegee ... en as Koning het Hy Satan en die dood oorwin. Dit noop ons om dankbaar te wees. Ons kan nie anders nie as om net 'n dankbaarheidslewe te lei ...

Sing: Psalm 45-1:1, 5, 10, 16

Dr. VE d'Assonville (Victor) (Marble Hall; Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)